education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## BESIGHEIDSTUDIES

## NOVEMBER 2006

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat die vrae beantwoord word:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: VERPLIGTEND.
   AFDELING B: Bestaan uit drie onafhanklike vrae wat ALLE leeruitkomste dek.
   Beantwoord AL DRIE vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit vier vrae wat al vier leeruitkomste dek.
   Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

2. Neem die gegewe tydstoekenning vir elke vraag in ag wanneer vrae beantwoord word.

3. Lees die gegewe instruksies vir elke vraag noukeurig deur en beantwoord slegs dit wat verlang word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Behalwe waar ander instruksies gegee is, moet antwoorde in volsinne gegee word.

6. Die puntetoekenning van elke vraag sal die lengte van jou antwoord bepaal.

7. Gebruik die onderstaande tabel as riglyn vir punte en tydstoekenning vir elke vraag.

8. LET WEL: Begin die antwoord op elke vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 - NUWE bladsy, VRAAG 2 - NUWE bladsy.

| VRAAG | AFDELING | PUNTE | TYD (MINUTE) |
|---|---|---|---|
| 1 | **A: Meervoudigekeuse-vrae, Waar of Onwaar, Pas. VERPLIGTEND** | **40** | **24 minute** |
| 2 | **B: Drie onafhanklike vrae. Beantwoord AL DRIE vrae.** | **60** | **36 minute** |
| 3 | | **60** | **36 minute** |
| 4 | | **60** | **36 minute** |
| 5 | **C: Opstelvrae. Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.** | **40** | **24 minute** |
| 6 | | **40** | **24 minute** |
| 7 | | **40** | **24 minute** |
| 8 | | **40** | **24 minute** |
| | **TOTAAL** | **300** | **180 minute** |

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **(24 minute)**

1.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.1.1 - 1.1.5) in die antwoordeboek neer, byvoorbeeld 1.1.0 B.

1.1.1 Organisasie en bestuur is deel van die ... omgewing.

A makro-
B mikro-
C mark-
D tersiêre

1.1.2 Watter EEN van die volgende omskryf 'n omvattende oorsig van die voorgestelde besigheidseenheid in terme van die werksaamhede, bemarking en finansiering daarvan?

A SWOT-analise
B Bemarkingsplan
C Bemarkingsnavorsingsplan
D Besigheidsplan

1.1.3 'n Poging om 'n produk op die mark te plaas wat beter as die van mededingers is, is 'n goeie voorbeeld van ...

A probleemoplossing.
B mikro-omgewing.
C kreatiewe denke.
D makro-omgewing.

1.1.4 Aankope van grondstowwe as insette tot die finale produk, word vir die ...-mark gemaak.

A kleinhandel
B vervaardiging
C kopers
D verbruikers

1.1.5 Watter EEN van die volgende omskryf selfbestuur die beste?

A Stel doelwitte, identifiseer beroepe en bestuur tyd
B Beïnvloed internasionale tendense, byvoorbeeld wisselkoerse
C Beheer oor die verskaffers
D Globale wedywering (5 x 3) (15)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1 - 1.2.5) neer. Indien die stelling ONWAAR is, verander die onderstreepte woord ten einde die stelling WAAR te maak.

1.2.1 Werkloosheid word positief deur ongeskoolde arbeid in 'n land beïnvloed.

1.2.2 Nywerhede wat groot getalle werkers in diens neem, staan as kapitaal-intensiewe ondernemings bekend.

1.2.3 Die sukses van enige span hang af van die individue wat deel van die span uitmaak.

1.2.4 Die finansiële funksie is vir die skep van 'n gunstige beeld van die besigheidsonderneming verantwoordelik.

1.2.5 Joreshmi is 16 jaar oud en koop 'n CD-speler vir R9 000 op krediet sonder haar ouers se medewete en dit word as 'n wettige kontrak beskou. (5 x 3) (15)

1.3 Vul die onderbrekende woord(e) in die onderstaande sinne in. Kies die korrekte woord(e) uit die lys hieronder. Skryf slegs die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1 - 1.3.5) neer.

| |
|---|
| lopende; grondstowwe; privaat; aanpasbaarheid; publieke; stagnasie; vaste; inligting |

1.3.1 Suid-Afrika se makro-omgewing is ryk aan ... soos platinum, goud, ystererts, steenkool, ensovoorts wat uitgevoer word om buitelandse valuta te verdien.

1.3.2 'n Grafiek is 'n goeie manier om ... gou te vertoon op 'n wyse wat die grootste impak op 'n besigheid sal maak.

1.3.3 ... is die vermoë van die entrepreneur om te herken, te bestuur en positief op 'n veranderende sake-omgewing te reageer.

1.3.4 ...-kapitaal word gebruik om die besigheid van dag tot dag te bedryf.

1.3.5 'n Spaza-winkel, bestuur deur Bengu en seuns in die Thembisa-woonbuurt, is 'n voorbeeld van 'n ...-onderneming. (5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B (VERPLIGTEND)

Hierdie afdeling bestaan uit drie onafhanklike vrae wat alle leeruitkomste dek. Beantwoord AL DRIE vrae.

### VRAAG 2 (36 minute)

2.1 Noem VYF komponente van die mikro-besigheidsomgewing. (10)

2.2 Lees die onderstaande gevallestudie sorgvuldig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae:

**THANDI SE BESIGHEIDSONDERNEMING**

Thandi is ŉ ervare huiswerker en het ŉ aktiewe rol in haar werkgewer se besigheid gespeel.

Haar werkgewer het Thandi gebruik om gedenkwaardighede, gemaak van ŉ wye reeks materiaal uit die omgewing, aan plaaslike besighede te verkoop. Thandi is onlangs in kennis gestel dat die gedenkwaardigheidsbesigheid aan ŉ nuwe eienaar verkoop is.

Thandi moet óf ŉ nuwe werk vind óf haar eie besigheid begin. Sy besef dat sy oor deeglike ondervinding van die gedenkwaardigheidsbesigheid beskik. Sy oorweeg die vervaardiging van groetekaartjies asook ander produkte soos skryfpapier, poskaarte en gedenkboeke op versoek van verbruikers teen mededingende pryse.

Sy het navorsing gedoen oor die moontlikheid om van omgewingsmateriaal gebruik te maak om aantreklike papierprodukte met ŉ Suid-Afrikaanse inslag te vervaardig en aan toeriste te verkoop. Sy sal gebruik maak van ŉ reeks natuurlike grondstowwe soos natuurlike papier, gras, houtsplinters en olifant- en renostermis om daardie produkte te vervaardig wat baie gewild is as geskenke onder toeriste.

Thandi het die Kleinsake-Ontwikkelingskorporasie genader vir finansiële hulp. Hulle verlang ŉ omvattende besigheidsplan vir die voorgenome fabriek en ontwerpateljee in Mpumalanga naby die Kruger Nasionale Park.

Thandi beplan om brosjures van haar besigheid by alle toeristebestemmings te laat.

2.2.1 Thandi nader jou, as 'n besigheidskonsultant, om haar van hulp te wees met die besluit om haar nuwe besigheid te begin. Jy adviseer haar dat marknavorsing gedoen moet word voordat sy 'n finale be-sluit kan neem.

Watter inligting sal Thandi benodig ten einde haar besigheid te begin? (8)

2.2.2 Ontwerp 'n marknavorsingsvraelys wat Thandi kan gebruik om inligting oor die oprigting van haar nuwe besigheid in te samel.

Ontwerp VYF vrae wat in die vraelys gebruik kan word. (10)

2.2.3 Maak gebruik van voorbeelde om die komponente van Thandi se bemarkingsresep te identifiseer. (8)

2.2.4 Stel 'n SWOT-analise van hierdie nuwe besigheidsonderneming saam. (16)

2.2.5 Beskryf kortliks die belangrikste komponente van Thandi se besigheidsplan. (8)

**[60]**

**VRAAG 3** **(36 minute)**

Lees die onderstaande aanhalings en beantwoord die vrae wat volg:

| |
|---|
| Vir maatskappysukses is tyd 'n waardevolle en beperkte hulpmiddel - inteendeel, vir hulle is tyd geld.' |

3.1 Jy is die bestuurder van hierdie maatskappy. Dui aan hoe jy die beste van jou tyd gebruik sal maak om die langtermynsukses van die maatskappy te verseker. (10)

| |
|---|
| Suksesvolle mense het die bonatuurlike vermoë om alle aspekte van hul persoonlikhede, paradoksaal soos dit ookal mag wees, die positiewe en die negatiewe, die dappere en die versigtige, die grootse en die nederige, in te span. Binne die vermoë om ons botsende karaktertrekke te gebruik, lê onmeetlike persoonlike krag. |

3.2 Volgens bogenoemde stelling, bespreek die belangrikste selfbestuurskenmerke van hoogs suksesvolle entrepreneurs. (10)

3.3 Pas EEN voorbeeld van besigheidsdoelwitte uit KOLOM B by 'n kenmerk in KOLOM A.

| **KOLOM A**<br><br>**KENMERKE VAN BESIGHEIDS-DOELWITTE** | **KOLOM B**<br><br>**BESIGHEIDSDOELWITTE IN DIE PRAKTYK** |
|---|---|
| S = Spesifiek | A goeie kliënteverhoudinge |
| M = Meetbaar | B winste aan die einde van die huidige finansiële jaar |
| A = Aksie | C weeklikse, maandelikse verslag van verkope om vordering te evalueer |
| R = Realisties | D borg die plaaslike skool se hokkie-span |
| T = Tydsbestuur | E vermeerder winste, verkope of omset met 10% |
| | F topbestuur het besluit dat die ver-hoging van verkope met 10%, 'n realistiese doelwit is |
| | G aggressiewe reklame in die koerant en ander media |

(15)

3.4 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die daaropvolgende vrae:

**M & C Algemene Handelaar Staar Probleme in die Gesig!!**

M & C Algemene Handelaar, wat kruideniersware verkoop, 'n probleem met een van die geblikte voedselprodukte in die winkel ondervind het. Mev. Thulule, wat die geblikte voedselproduk gekoop het, het ernstig siek geword na gebruik daarvan. Na 'n besoek aan die dokter is dit bevestig dat sy voedselvergifting onder lede gehad het. Mnr. Smith het dieselfde produk 'n dag later gekoop en het ook 'n probleem ondervind. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die geblikte voedselproduk die probleem blyk te wees.

Hierdie saak het die plaaslike koerant gehaal en die klaers het 'n verklaring uitgereik dat die produk by M & C Algemene Handelaar gekoop is. Die mediese dokter het ook bevestig dat hy Thulule en Smith vir voedselvergiftiging behandel het.

Hierdie saak het uiteindelik tot 'n afname in kliënte en verkope gelei. M & C Algemene Handelaar het bekommerd geraak oor die negatiewe publisiteit en afname in kliëntevertroue. Hulle moes die probleem oplos.

3.4.1 Veronderstel jy is die eienaar van M & C Algemene Handelaar. Identifiseer die probleem wat by die besigheid ondervind word. (3)

3.4.2 Jy, as eienaar van M & C Algemene Handelaar, moet die probleem oplos. Bespreek SES logiese stappe wat jy sal volg om die probleem op te los. (12)

3.5 Verduidelik VYF kriteria vir suksesvolle spansamewerking en werksprestasie in 'n besigheid. (10)
**[60]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4** **(36 minute)**

4.1 Bespreek enige VYF besigheidsfunksies. (20)

4.2 Gebruik die volgende inligting en beantwoord die daaropvolgende vrae:

KZN Vervaardigers vervaardig T-hemde vir skoolleerlinge. Die volgende inligting is 'n uittreksel uit hulle rekeningkundige rekords vir die jaar geëindig 31 Desember 2005:

| | |
|---|---|
| Voorraad grondstowwe 1 Januarie 2005 | R 45 000 |
| Aankoop van grondstowwe | 100 000 |
| Voorraad grondstowwe 31 Desember 2005 | 15 000 |
| Direkte arbeidskoste | 80 000 |
| Oorhoofse uitgawes: | |
| Waardevermindering | 15 000 |
| Water en elektrisiteit | 25 000 |
| Versekering | 10 000 |
| Indirekte arbeidskoste | 20 000 |

4.2.1 Bereken die totale koste van produksie. (10)

4.2.2 Bereken die koste van produksie (vervaardiging) van EEN T-hemp. (LET WEL: 1 000 T-hemde is vervaardig.) (4)

4.2.3 Bereken die verkoopsprys van EEN T-hemp indien die besigheid 'n opslag van 50% toepas. (6)

4.3 Verskillende bestuursdepartemente benodig verskillende inligting.

Gebruik die volgende inligting en klassifiseer dit ooreenkomstig die korrekte besigheidsfunksie van die onderneming:

VOORBEELD: Inligting oor debiteure en krediteure
ANTWOORD: Finansiële funksie

4.3.1 Die beeld van die maatskappy

4.3.2 Verkoopsyfers

4.3.3 Mededingers en verbruikers

4.3.4 Verskaffers

4.3.5 Gebruik van mense en masjinerie (5 x 2) (10)

4.4 Klassifiseer die volgende bronne van kapitaal as EIE KAPITAAL of GELEENDE KAPITAAL:

4.4.1 Bankoortrekking

4.4.2 Langtermynverband

4.4.3 Verkope van aandele

4.4.4 Korttermynlenings van 'n handelsbank

4.4.5 Verkope van skuldbriewe (5 x 2) (10)

**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

**AFDELING C**

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Krediet sal vir 'n inleiding, inhoud, insluitende opskrifte en subopskrifte, en 'n slot gegee word.

**VRAAG 5** **(24 minute)**

Lees die volgende scenario en beantwoord die vraag wat volg:

| |
|---|
| Mnr. Johannes Vermaak is 'n mielieboer in die Vrystaat. Hy produseer en verkoop sy mielies aan Burgers Meule. Burgers Meule verkoop die finale produk aan al die bakkerye in die Vrystaat. |

Identifiseer die sektor waarin Johannes Vermaak werksaam is. Vergelyk hierdie sektor met ander tipes ondernemingsvorme en bespreek die opvallende kenmerke van elk deur toepaslike voorbeelde te gebruik. Johannes Vermaak se besigheid kan nie in isolasie bestaan nie, daar moet ook wisselwerking wees met, onder meer, die markomgewing. Identifiseer die komponente van hierdie omgewing en bespreek hierdie wisselwerkingproses deur van voorbeelde gebruik te maak. **[40]**

**VRAAG 6** **(24 minute)**

Lees die volgende scenario en beantwoord die vraag wat volg:

| |
|---|
| Sandy Mkhwanazi is van voorneme om 'n klein fabriek oop te maak wat dames-kledingstukke in die Wes-Kaap gaan vervaardig. Sy nader jou om haar te adviseer oor die toepaslikheid van die ligging van haar fabriek. |

Jy word versoek om ŉ breedvoerige uitleg te gee van AL die faktore wat jy in aanmerking sal neem om Sandy te adviseer oor die ligging van die fabriek, ten einde die suksesvolle vestiging van die fabriek te verseker. **[40]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 7** **(24 minute)**

Lees die volgende scenario en beantwoord die daaropvolgende vraag:

**Ontlont Kreatiwiteit in jou Besigheid!**

Laat jou organisasie beter werk deur kreatiwiteit by elkeen in die besigheid aan te moedig.

Vestig 'n omgewing wat personeel sal toelaat om meer betrokke te raak by die keuse van take wat hulle sal onderneem of ten minste hoe hulle dit sal verwesenlik. 'n Personeellid sal meer kreatief wees as hy of sy die taak sy eie maak. Dit is van groot belang dat geen idees doodgedruk word nie!

Toonaangewende entrepreneurs sal nooit NEE sê vir 'n idee nie. Hulle sal idees aanmoedig en laat groei om die besigheid te pas.


Maak tyd vir kreatiewe denke. Dikwels ontstaan idees uit ander idees en jou beste idees sal ontstaan uit dinkskrums, vergaderings, ensovoorts.

[Uit : *Succeed*, Junie 2006]

Volgens bogenoemde scenario, verduidelik die term *kreatiwiteit* en illustreer waarom dit belangrik vir 'n entrepreneur is om kreatiwiteit in die besigheidsomgewing aan te moedig. Jy word ook versoek om op die kenmerke van 'n kreatiewe besigheidsomgewing uit te brei. **[40]**

**VRAAG 8** **(24 minute)**

Die volgende hiërargie verteenwoordig die verskillende vlakke van bestuur:



Identifiseer die DRIE vlakke van bestuur en bespreek die tipes besluite wat op elke vlak geformuleer word. Maak van voorbeelde gebruik om die tipes besluite te verduidelik. Jy word ook versoek om na die VIER basiese bestuurstake te verwys. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**

**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou